Ekologie

"Ons selfsugtige lewenstyl beroof die aarde stelselmatig van sy kosbare en onvervangbare hulpbronne – en nie vir een oomblik dink ons aan die impak daarvan op die toekoms van ons kinders en ander mense op hierdie aarde nie."
- Margret Mead

Doelwit: *Om 'n liefde en waardering by die Verkenner te kweek vir die interessante wisselwerkings wat in die natuur plaasvind en om die almag van God hierin raak te sien.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
1. 'n Voortrekker glo in die drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die B en C van die ABC word in die spesialisasie aangespreek. Die kultuuropdrag soos geskryf in Genesis 1 : 28, Genesis 1 : 15 en Mattheus 28 : 20 is baie duidelik in die hantering en bestuur van God se Skepping aan ons as mens. Die Verkenner moet die totale prentjie verstaan naamlik waarom dit belangrik is om die ekologie te beskerm en dit dan kan verantwoord aan die hand van wat God se Woord vir ons sê. Deur dit te doen en 'n positiewe bydrae te maak in alles wat hy doen, bevorder ons die Verkenner se ingesteldheid tot positiewe burgerskap, en ook die uitleef van konsekwente Christenskap as goeie leier.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Bepaal vooraf die ekologiese omgewing waarbinne hierdie studie afgehandel gaan word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die basiese beginsels van ekologie.*
2. *'n Studie maak van die verskillende gedragspatrone van 'n soogdier en kennis neem hoe hierdie gedragspatrone die ander biotiese faktore in die ekologiese omgewing beïnvloed.*
3. *'n Studie maak van die verskillende gedragspatrone van 'n voël en kennis neem hoe hierdie gedragspatrone die ander biotiese faktore in die ekologiese omgewing beïnvloed.*
4. *'n Studie maak van die verskillende gedragspatrone van 'n reptiel, 'n amfibie, 'n insek of 'n ander antropood en kennis neem hoe hierdie patrone die ander biotiese faktore in die ekologiese omgewing beïnvloed.*
5. *Ten minste **een** nag in die veld deurbring, sodat die Verkenner die veld en God se grootheid in die natuur kan beleef.*
6. *Deelneem aan 'n debat wat handel oor 'n aktuele onderwerp ten opsigte van die ekologie wat onlangs in die nuus was.*
7. *Bybelstudie doen oor diere of plante wat in die Bybel genoem word en die gebruike daarvan in die Bybelse tyd.*